Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wt julle van God ontvang het." Efes. 4:1

20 April 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Daan Bakker

Tema: Die wonder waaroor ons nie kan stilbly nie.

Lofsang ter voorbereiding van ons ontmoeting met God
Sb. 5-3 vers 1, 4, 5; Sb. 5-4:1, 2, 6

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 407: 1, 2; Votum; Seën; Lied 422: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis; Sing:
Sb. 12-2: 2, 3

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Kolosensse 3:1-17; Sing as antwoord op die wet: Ps. 99-2 vers 1, 2, 4; Gebed

God kom aan die woord in ons lewe
Skriflesing: Handelinge 4: 1-22;
Teksvers: Handelinge 4: 20;
Sing: Lied 485: 2, 3; Woordbediening

Ons antwoord op die Woord
Gebed; Liefdegawe by die deure (Diakonie - Groot boks en GKSA: Sustentasie - Klein boks); Sing: Lied 523: 2, 3, 4; Seën; Amenlied: Sb. 13-3.

GEEN AANDDIENS

🙏 April 2025🙏

Kom ons gebruik Jesus se laaste woorde aan die kruis as ons eie gebedsfokus tydens hierdie komende Paasfees. Daar is sewe (7) kruiswoorde. Ons het dus die geleentheid om die sewe kruiswoorde meer as een keer tydens April biddend deur te gaan. Gebruik die geleentheid om elke dag een van die kruiswoorde biddend te deurdink:

Tema-vers: Want Christus, ons paaslam, is geslag. (1 Korintiërs 5:7)

1. Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie (Lukas 23:34).
Oordenking:
Die hoofsaak van Paasfees lê in God se genade. Hoe word dit sigbaar tydens die Paasfees in Egipte? Hoe raak dit ons lewens vandag?

Gebed:
Here, leer ons hoe U vergewensgesindheid ons lewens raak en verander. Laat hierdie Paasfees ons herinner dat U bloed alle sonde

bedek. Reinig ons harte van bitterheid en vul ons met U genade. Dankie dat U ons sondes vergewe het in Jesus Christus.

2. Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees (Lukas 23:43).
Oordenking:
Selfs in Sy laaste oomblikke was Jesus Christus gefokus op Sy verlossingstaak. Lees gerus van Jesus se gesprek met die ander man aan die kruis. Wat leer jy alles hieruit?

Gebed:
Jesus, dankie vir die versekering dat U genade selfs die minste en laaste bereik. Hierdie Paasfees juig ons dat niemand buite U bereik is nie. Help ons om hierdie hoop dapper met ander te deel.

3. Vrou, daar is jou seun... Daar is jou moeder (Johannes 19:26–27).
Oordenking:
Aan die kruis vorm Jesus 'n nuwe soort familie wat gewortel is in liefde en wedersydse sorg. So word die verbondsgemeenskap van Paasfees sigbaar vanaf die kruis van Golgota.

Gebed:
Here, leer ons om mekaar lief te hê soos U ons liefgehad het. Bou U Kerk in 'n sorgsame familie. Tydens hierdie Paasfees, wys ons hoe om mekaar te ondersteun en te versorg.

4. My God, my God, waarom het U My verlaat (Matteus 27:46)?
Oordenking:
In Sy diepste angs is Jesus deur God verlaat - sodat ons nooit verlaat sal word nie.

Gebed:
Vader, wanneer ons verlate voel, herinner ons dat U naby is. Jesus Christus het God se stilte gedra sodat ons nou Sy stem kan hoor. In ons lyding, trek ons nader aan U en herinner ons aan die betekenis van ons opstanding.

5. Ek het dors (Johannes 19:28).
Oordenking:
Jesus se dors herinner ons aan die woestynreis na Paasfees - waar God water en manna voorsien het. Sy nuwe volk moes leer hoe om op Hom te vertrou vir aardse versorging.

Gebed:
Here, les ons geestelike dors met die lewende water van U Gees en Woord. Gedurende hierdie Paasfees, hernu ons honger na geregtigheid en ons verlange na U teenwoordigheid. Open ons oë vir U daaglikse versorging.

6. Dit is volbring (Johannes 19:30).
Oordenking:
Die werk van verlossing is voltooi - net soos die paaslam perfek moes wees en volledig aangebied moes word. Jesus is die vervulling van die Eksodus-verhaal. Ons verlossing is afgehandel en die prys volkome betaal.

Gebed:
Dankie Here dat U offer genoeg was en die volle prys betaal het. Laat ons leef in die vryheid van U voltooide werk. Hierdie Paasfees rus ons in U oorwinning oor sonde en dood.

7. Vader, in u hande gee ek my gees oor (Lukas 23:46).
Oordenking:
Aan die einde het Jesus Homself aan die Vader toevertrou.

Gebed:
Vader, leer ons om onsself volkome aan U oor te gee. In hierdie Paasfees mag ons ons lewens, gesinne en toekoms aan U getroue sorg toevertrou.

MEELEWING

- Simon du Plooy het mooi herstel na sy beroerte en sterk tuis aan.
- Marilize van Deventer ondergaan hierdie week ‘n operasie.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

VERLOF REëLINGS

Ds. Pieter van der Walt is met verlof van 8 - 23 April.
Ds Piet met verlof van 18 April tot 28 April.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Eie Katkisasie, les 9
Tee en Koffie
Geen Aanddiens

Maandag
Gesinsdag - kerkkantoor gesluit

Dinsdag
Geen Manne ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie Gr 8 - 10

Woensdag
Geen Bybelstudie
Geen Katkisasie Gr. 11
17:45 Bybelstudie: Naskoolse jongmense en studente

Donderdag
Geen Bybelstudie: Klipdrif

WAAROM VIER ONS PAASFEES?
(Vir ons kinders)

En nee, dit het niks met paashase en paaseiers te doen nie!

Ter wille van die kinders wil ons verduidelik waar die woord “Paasfees” vandaan kom en hoekom ons eerskomende Vrydag die Paasfees gaan vier.

“Paasfees” is afgelei van die **Hebreeuse woord** “pessag” wat oorsponklik “offerlam” beteken. Dit wys heen na die lam wat die Israeliete in Egipte die aand voor die uittog moes slag en die bloed aan die deurkosyne moes smeer om te keer dat die Here hulle doodmaak. Die aand voor hulle vertrek moes hulle die lam slag en 'n spesiale ete hou met verskillende voorskrifte.

Die **Griekse woord** “pasga” dui meer op die ongesuurde brode wat geëet was met die maaltyd en het later die hele maaltyd aangedui. Die Jode het hierdie feesete baie gereeld gehou om hulle te herinner aan hulle redding en uittog uit Egipte.

Ook in Jesus se tyd is die Paasfees gehou. Dit was juis tydens dié Paasfees dat Jesus die Nagmaalete ingestel het en waarmee Hy ons geleer het dat Hy as offerlam aan die kruis geslag sou word om ons van ons sondedood te red.

Die ander Griekse woord wat ook hier betrekking het is die woord “pasgo” wat “lyding” beteken en wat heenwys na die lyding van Christus as ons Verlosser.

Die Paasfees is dus vir ons die fees van verlossing omdat Christus op die Vrydag gekruisig is, ons skuld betaal het en ons kinders van God gemaak het.

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en GKSA: Sustentasie (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 10 en 11.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 20 April
Sr Magda Huisman
Br Paul Smit

Maandag, 21 April
Ds Daan Bakker
Jbr Christiaan Greyling
Br De Vos Joubert

Woensdag, 23 April
Jsr Joshé Fourie

Donderdag, 24 April
Br Adolf Lombard
Sr Tooitjie Niemand *
Sr Monica Peters

Vrydag, 25 April
Sr Gerda Kruger

Saterdag, 26 April
Jsr Elmienke Bisschoff
Sr Anri McDonald

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

BAIE DANKIE

Baie dankie vir al die dames wat help brei aan mussies. Tot op hede is daar uitgedeel: By Hebron - 117, Uitkoms - 67 en Eikelaan - 60.

KALENDER-VERANDERINGE!

Let asb op die volgende verandering op ons kalender 2025:

Donderdag, 29 Mei - Hemelvaartdiens 18:00 by GK Potch-Oos

DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

KENNISGEWINGBORD

- Skriba-kassier NG Kerk Potchefstroom
- GK Kameeldrift Damestee

GKSA NUUS

Beroepe ontvang

• Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Alberton-Wes

Beroepbaarstelling: Proponent Brian McLean

Klassis Vaalrivier, saam met die deputate vanweë Streeksinode Randvaal (KO, art. 49), het op 12 April 2025 vir br. Brian McLean ooreenkomstig KO, artikel 4 geëksamineer en in die Gereformeerde Kerke beroepbaar gestel.
Namens die klassis
Ds. J.G. Ehlers. Deputaat Korrespondensie: Klassis Vaalrivier.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY
Rooi Windpompsentrum,
Retiefstr. 61, langsaan Chubby Chick Outlet.
Telnr: 018 523 0111

The Views Lifestyle Centre
Klinkenbergstraat, van der Hoffpark
Potchefstroom
Telnr. 087 527 0029
Veilige parkering
ONS BAK MET PASSIE/WE BAKE WITH PASSION

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Chanelle v As en groep 18, Tineke v Rooyen en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
6 Mei	Dinsdag	18:30	D	Sustersamekoms
16 Mei	Vrydag	17:00-18:00	B	Wegneemetes
8 Junie	Sondag	18:00	A	Ouderlingverversings
17 Junie	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
22 Junie	Sondag	12:00	C	Nagmaalete
24 Junie	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nommer het verander!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch